



**NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA**  
Sinode van Wes-Kaapland

**SINODALE KANTOOR**

De Langestraat 5  
BELLVILLE  
7530

Privaat sak X8  
BELLVILLE  
7535

**PBO: 9300 13251**

T 021 957 7100  
E [ngkadmin@kaapkerk.co.za](mailto:ngkadmin@kaapkerk.co.za)  
[www.kaapkerk.co.za](http://www.kaapkerk.co.za)

*Omsendbrief STD2/2018*

Verwys: Mnr K Raats

1 Desember 2017

---

**AAN: Kerkrade/Diensverhoudinge Kommissies**

---

*\*\* Personeel word versoek om die skrywe vertroulik en professioneel te hanteer \*\**

**RIGLYNE VIR VERGOEDING VAN JEUGWERKERS: 2018/19**

**1. INLEIDING**

Die skrywe moet saam gelees word met Omsendbrief STD1/2018 waarin riglyne vir vergoeding van gemeentepersoneel in detail bespreek word.

**2. VERGOEDINGSKAAL VIR JEUGWERKERS**

2.1 Die vergoedingskaal vir Jeugwerkers is afgelei uit inligting verwerk vanuit nasionale opnames en inligting uit die vergoedingspesialiste se databasis. Die skaal is gestruktureer op 'n kurwe wat baie konserwatief (ver benede) met die 25<sup>ste</sup> persentiel van die mark vergelyk. Die skaal is net van toepassing op Jeugwerkers wat 'n 3-jaar B.Diak diploma of graad verwerf het.

2.2 Die minimum en maksimum skaal is met minstens **6,25%** aangepas.

- Die skaal dui die totale maandelikse koste (TKVI) vir werkgewers aan (alle werkgewerbydraes en bonusse word ingesluit).
- Die skaal word gegrond op 'n 40-uur werkswaek en behoort proporsioneel aangepas te word volgens werklike werksure.

Kerkrade plaas die Jeugwerker – op grond van die posoms krywing en sy/haar ervaring – na wedersydse konsultasie op 'n posisie in die skaal tussen die minimum en maksimum.

**3. AANBEVELING: 2018/19**

2017/18	TOTALE KOSTE VAN INDIENSNEMING 2018/19
R19 350 tot R31 460	R20 800 tot R33 500

3.1 Die personeellid se huidige posisie in die betrokke skaal, werksprestasie en die gemeente se vermoë (bekostigbaarheid) moet deurgaans in ag geneem word wanneer aanpassings oorweeg word.

3.2 **Ons wil dit weereens beklemtoon dat die skale slegs riglyne is en dat die gemeente se Kommissie vir Diensverhoudinge in oorleg met die Fondsekommissie behoort te besin oor die vergoeding van gemeentepersoneel en aanbevelings aan die Kerkraad maak van wat reg en billik is.**

Vriendelike groete

**Mnr K Raats**

**BESTUURDER: MENSLIKE HULPBRONNE**

**\*\* Let wel \*\***

*Die verantwoordelike en billike vergoeding en versorging van ons personeel behoort vir die Kerk 'n hoë prioriteit te wees.*